higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE MODETEKENINGE N4

(10010464)

19 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye, vier bylaes van 4 bladsye en 'n antwoordboek van 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE MODETEKENINGE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n harmonie/konsep uit die lys hier onder om by elkeen van die volgende kleurgroepe te pas. Skryf net die antwoord langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in jou ANTWOORDBOEK neer.

komplementêre kleure; eenkleurige kleurharmonie; drietalkleurharmonie; viertalkleurharmonie; verdeelde komplementêrekleurharmonie; primêre kleure; sekondêre kleure; analoëkleurharmonie

1.1.1 Rooi, geel, blou

1.1.2 Wit, ligblou, blou, donkerblou, swart

1.1.3 Geeloranje, blougroen, rooipers

1.1.4 Groen, rooi

1.1.5 Violet, geeloranje, geelgroen

1.1.6 Blou, blouviolet, violet, rooiviolet, rooi

1.1.7 Groen, oranje, violet

1.1.8 Rooi-oranje, geel, blougroen, violet

(8 × 2) (16)

1.2 Omskryf elkeen van die volgende terme:

1.2.1 Ruwe figuurskets

1.2.2 Inspirasiebord

(2 × 2) (4)

1.3 1.3.1 Noem die VYF verskillende silhoeëtte. (5)

1.3.2 Watter soort silhoeët is jy geneig om te dra? (2)

1.3.3 Gee redes vir die silhoeëtkeuse wat jy in VRAAG 1.3.2 aangedui het. (2)

Kopiereg voorbehou

1.4 Bestudeer die volgende sketse en identifiseer elke stadium van die ontwerpsproses:

1.4.1



1.4.2



1.4.3



1.4.4



(4 × 2) (8)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.3) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.5.1 Tekstuur is 'n kunselement.

1.5.2 'n Produksietekening is 'n duidelike, diagrammatiese skets.

1.5.3 Kalligrafie is 'n lettersoort.

(3 × 1) (3)

1.6 Verduidelik die volgende terme:

1.6.1 Achromatiese kleur

1.6.2 Chromatiese kleur

(2 × 2) (4)

1.7 Kies 'n foto uit KOLOM B wat by 'n item of woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.7.1–1.7.6) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B
1.7.1	Raglanmou	A 
1.7.2	V-halslyn	
1.7.3	Bo-opstiksel	
1.7.4	Dirndl-romp	
1.7.5	A-lyn-romp	
1.7.6	Heupsak	B 
		C 

D



E



F



G



H



(6 × 1) (6)
[50]

TOTAAL VIR AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Voltooi die skets op BYLAE A (aangeheg) deur verskillende soorte skakerings en teksture te gebruik. (14)

2.2 Tabuleer en vergelyk die verskille tussen die volgende figure:

2.2.1 'n Kleuter

2.2.2 'n Adolessent

KATEGORIE	KLEUTER	ADOLESSENT	
Ouderdom			(2)
Die grootte van die liggaam in koplengtes			(2)
Gesigskenmerke			(4)
Liggaamstruktuur			(4)

2.2.3 Teken die figure hier bo in die ruimte wat in jou ANTWOORDBOEK voorsien word. (20)

2.3 Trek die volgende vertikale lyne met 'n blou potlood op die figuur op BYLAE B (aangeheg).

2.3.1 Synaat (1)

2.3.2 Prinseslyn (2)

2.3.3 Middelvoorlyn (1)

[50]

VRAAG 3

3.1 Teken die volgende tekstiele in jou ANTWOORDBOEK in die ruimte wat daarvoor voorsien is:

3.1.1 Pels

3.1.2 Linne

(5 × 2) (10)

3.2 Voltooi die intensiteitskaal van rooi en groen in jou ANTWOORDBOEK in die ruimte wat daarvoor voorsien is, deur verf as die medium te gebruik. (4)

Kopiereg voorbehou

3.3 Teken die volgende klere-artikels in jou ANTWOORDBOEK in die ruimte wat daarvoor voorsien is. Teken die ontwerpe deur die ruwe figuurskets wat op BYLAE C (aangeheg) voorsien is, te gebruik. Maak slegs van 'n swart fynpuntpen gebruik.

3.3.1 Gedrapeerde halslyn met 'n vlermuismou

3.3.2 Gegeerde ('gored') romp met bo-stiksel

3.3.3 Moulose top met 'n mandarynkraag

3.3.4 'n A-lyn-romp met 'n stolp- of platplooi

3.3.5 'n Asimmetriese romp met 'n springplooi

3.3.6 'n Bloes met 'n vierkantige halslyn met 'n opening voor in die middel (36)

(18 × 2) **[50]**

VRAAG 4

Die Graad 7-leerders hou 'n bring en braai op 10 Desember 2019 as hul afskeidsgeselligheid. Ontwerp 'n plakkaat om die funksie te adverteer.

Daar moet EEN figuur by die uitleg ingesluit word. Onthou die vereistes vir 'n uitleg. Die ruwe figuurskets word op BYLAE D (aangeheg) voorsien. **[50]**

TOTAAL VIR AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 2

2.1



(14)

BYLAE B **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

2.3



(4)

BYLAE C **EKSAMENNOMMER:**

RUWE FIGUURSKETS



Kopiereg voorbehou

BYLAE D **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

RUWE FIGUURSKETS



Kopiereg voorbehou